# Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 62 NO 38 28 September 2025

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 21 September**
**Oggend: Wyke 20 & 21**

*Oudle:* Péter Wassenaar
Wian van Staden
*Diakens:* Francois de Kock
Herman van Heerden
Herman Bonnet
Hanno Steenkamp

***Aand:*** **Wyke 22 & 23**
*Oudle.:* Theo le Roux
Douard d'Assonville
*Diakens:* Christiaan Oosthuizen
Hendrik Coetzee

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 21 & 22 nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens. Dankie aan *Elmien van Staden en Mariska Steenkamp* wat vanoggend aan die stuur staan.



## KATKISASIE

Die katkisasie sluit vandag vir die skoolvakansie tot Sondag 19 Oktober.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Vandag:** na die oggenderediens
**Katkisasie: Bybelstudie vir die jongmense.**
**Na die aanddiens:**
**Bybelstudie** vir die jeug (18 – 30)

**Maandag:**
**Gr 7 & 8 - 18h00 Maandagaand**, by die pastorie.
**Gr 9 & 10 - 18h45 Maandagaand**, by die pastorie
**Belydenisklas 14h30 Maandag ,** By die pastorie

**Woensdag:** Jong Lote se uitstappie

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie - Konsistorie
18:00 Diakensvergadering - Saal

## DIAKENSVERGADERING

Die diakens vergader **Donderdag 2 Oktober** 2025 om 18:00 in die saal.

*U voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergadering word gevra.*

## BYBELSTUDIE

Die Donderdag Bybelstudie sluit Donderdag tot Donderdag 16 Oktober.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*13Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!* *Romeine 15 : 13*

*Woensdag 1 Oktober*
Marie Coetzer 082 463 1743

*Vrydag 3 Oktober*
Anne-Marie Coetzee 079 089 3551
Elrika Vermaak (17) 066 226 8121

*Saterdag 4 Oktober*
Pieter du Plooy 083 234 6350

Hartlik geluk aan br. *Pieter du Plooy* wat Saterdag sy 85ste verjaardag vier. Ons bid jou 'n geseënde nuwe lewensjaar toe en mag jou gesondheid ook verbeter. Mag jy 'n mooi dag saam met jou geliefdes hê.



"Die Here is die ewige God,
Skepper van die hele aarde.
Hy word nie moeg nie,
Hy raak nie afgemat nie
en sy insig is ondeurgrondelik.
29Hy gee die vermoeides krag,
Hy versterk dié wat nie meer kan nie.
30Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat,
selfs manne in hulle fleur struikel en val,
31maar dié wat op die Here vertrou,
kry nuwe krag."

Jesaja 40: 28b – 31 a

## MEELEWING

Hartlik geluk aan *Riaan* 079 903 3930 en *Sophia* 083 655 3771 *Reinecke* met die geboorte van hulle dogtertjie, *Kleo*, Donderdag. Ons bid haar die Here se rykste seën toe. Mag sy vir julle en vir julle familie tot groot seën wees.

Met hartseer maak ons bekend dat *Amarentia van der Zwaard* verlede Saterdag 20 September oorlede is in die ouderdom van 79 jaar. Ons bid haar kinders en kleinkinders die vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd.

## BEVESTIGING van AMPSDRAERS

Hartlik geluk aan Edward Swanepoel wat vanaand in die amp van ouderlinge bevestig word en Kenneth Boy wat in die amp van diaken bevestig word.

*Mag die Here aan julle die wysheid en genade gee om die werk tot eer en verheerliking van sy Heilige Naam en tot uitbreiding van sy Koningkryk.*

## BEROEPENUUS

**Beroepe ontvang**
Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Potchefstroom-Die Bult as medeleraar
Dr HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai (Namibië) na GK Vaalpark

## KALENDER VIR OKTOBER

Die volgende funksies vind in Oktober plaas

2 Oktober Diakensvergadering
16 Oktober Breë Kerkraad
17 Oktober Gemeentekuier
18 Oktober Lentekuier Senior Lidmate
19 Oktober Gemeentevergadering
26 Oktober Hervormingsdiens

## HOËRSKOOL BYBELSTUDIE

**Bybelstudie & Aktiwiteite** tot November

**19 - Oktober** – Veerkragtigheid.
**26 Oktober** - Ewigheid teenoor 'n oomblik.
**2 November – Afsluiting.**




## Eet -Lag- Ontmoet -Herhaal

Daar is tye wat die Here ons uitbundig Seën met net die beste uit Sy Vaderhand en Saterdag se saamkuier met Willemien en al die nuwe Susters in ons gemeente was dan net só n geleentheid gewees.

Alles was keurig, die tafel(s) pragtig gedek, die voorlesing en gebed deur Ronel soos dit ons Here behaag en die heerlike quiches met slaai en wortelkoek daarna, uit die boonste rakke!



Wat die oggend verder met vreugde gevul het was die vindingryke "spoed ontmoet" wat oud en jonk geleentheid gegee het om mekaar binne 2 minute vinnig beter te leer ken. Die vrolike geruis van gelowige stemme het selfs die voëls in die bome stil gehad, want kuier was daar gekuier!

Elke hart en hand wat in liefde uitgereik en bygedra het, het hierdie hartlike suster-saamkuier baie spesiaal gemaak!

Aan ons Vader kom toe die lof, die dank, die eer en die heerlikheid.

## JONG LOTE SE UITSTAPPIE



"Op Braai Dag het die Jong Lote bymekaar gekom op die Aros kampus vir 'n staptog in die omliggende koppies. Geestige geskerts en aansteeklike entoesiasme het die steil opdraandes lig laat voel - en die uitsig oor die Moot was 'n beloning wat elke tree die moeite werd gemaak het.

Na die staptog is die vakansiedag se naam behoorlik verteenwoordig met 'n gesellige braai by die pastorie. Terwyl die jong lote dié tyd saam ten volle benut het, het die ouers die geleentheid gebruik om verder te kuier. Die vleis was sommer net 'n goeie verskoning!

Elke jong loot is moeg en vol vars herinneringe huis toe, nou sien hulle uit na die volgende avontuur."




***Elke Idimaat wat die funksie gaan bywoon moet asb 'n jeugfoto saambring.***

***DIE BRUID SE EWIGE VERSIERING***

*Openbaring 19:1-10*

*In Openbaring 19 lees ons van die Here se oordeel oor Babilon, maar nou word dit beklemtoon dat die goddelose wêreld 'n sedelose vrou is wat die Here se kinders vervolg en gedood het.*



*Teenoor die sedelose Babilon staan die bruid van die Lam – die nuwe Jerusalem. Ná die Here sy oordeel oor die goddelose wêreld voltrek het, lees ons van die bruilof van die Lam wat aangebreek het. Vers 7 sê dat die bruid van die Lam haar gereedgemaak het. Dit beteken dat die getal van die uitverkorenes vol is en dat die kerk se werk voltooi is. Soos enige bruid moet sy versier wees. Daarom staan daar in vers 8 dat dit aan haar gegee is om rein en blink fyn linne aan te trek. Die Here gee dit aan haar. Dis net genade dat sy rein voor haar Bruidegom kan verskyn, want Hy het sy bruid rein gewas met sy bloed.*

*Dan lees ons iets opmerklik: "Die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges." Dit bedoel nie dat die gelowiges se werke hulle rein maak voor die Almagtige nie. Die bruid se geloofsdade, wat volkome gemaak is deur Christus, dien wel tot haar versiering. Ons lees ook in Openbaring 21:2 dat die bruid vir haar Man versier is. Die kerk se ewige versiering is dit wat sy in die geloof gedoen het van die begin van die wêreld af tot op die oordeelsdag. Die gelowiges se werke volg hulle. Hierdie wete gee soveel betekenis aan die dankbaarheidslewe van die gelowige. Wanneer ons die Here met dankbare harte gehoorsaam, behaag dit Hom nie net vir die hier en nou nie. Dit dien tot sy ewige behae. Ons werkplekke is dikwels 'n klipharde realiteit waar ons geloof intens getoets word. Ons moet egter onthou dat elke daad van lief devolle gehoorsaamheid aan die Here deel is van die versiering van Christus se bruid.*

*Mag die Heilige Gees ons ook vandag help om saam te werk aan die gereedmaking van die kerk vir die bruilof van die Lam.*

*Ds. RA Bain (Ronald) (Oranjerivier)*

## SNIPPERS




Bring die gesin! Vir meer inligting en om te bespreek - sien https://www.gksessies.co.za/

**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***HULP AAN DIE HELPERS – PASTORALE PERSPEKTIEWE RAKENDE STRES, UITBRANDING EN MEDELYE-MOEGHEID***

**18 NOVEMBER 2025 – ZOOM AANBIEDING**

**Prof Wentzel Coetzer**

**Kursus oop vir almal**

**Om te bespreek vir die kursus:** Klik op die volgende skakel:

https://forms.gle/F9gAP1VaD86Xobua8

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Vakant

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No.
9139785681

**<u>PARKERING</u>**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan